NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2024

REKENINGKUNDE: VRAESTEL I

Tyd: 2 uur 200 punte

INLIGTINGSBOEKIE

IEB Copyright © 2024

VRAAG 1 VOORRAAD EN BTW (40 punte, 24 minute)

Inligting aangaande Shah Soda

Shah Soda is 'n plaaslike maatskappy wat verpersoonlikte gebottelde koeldrank aan maatskappye en skole verkoop. 'n Eenheid bestaan uit een bottel koeldrank en die verpersoonlikte etiket.

- Hulle gebruik die **periodieke** voorraadstelsel vir alle voorraad.
- Hulle is vir BTW geregistreer volgens die faktuurgebaseerde metode.

VRAAG 1A BTW (10 punte, 6 minute)

BTW word bereken teen 15%

Die volgende transaksies is geneem uit die rekeningkundige rekords van Shah Soda vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023.

Op 1 Februarie 2023 het die SAID (BTW)-rekening 'n kredietsaldo van R7 500 gehad.

1. Totale aankope van ys R13 000 (BTW uitgesluit).

2. 'n Krediteur wat R6 440 verskuldig was, het 'n 7½%-vereffeningskorting ontvang toe die rekening betaal is.

3. 'n Bedrag van R2 760 is as 'n afslag aan 'n debiteur opgeteken en die BTW van R360 is as sodaning opgeteken. Na 'n ondersoek is ontdek dat dit in werklikheid 'n handelskorting was wat toegestaan is en dat dit nie opgeteken moes word nie.

4. 'n Debiteur wat R3 680 geskuld het, is as oninbaar afgeskryf.

IEB Copyright © 2024

VRAAG 1B VOORRAADSTELSELS (30 punte, 18 minute)

1. Shah Soda waardeer hul voorraad bottels deur die **geweegde gemiddelde-**metode te gebruik, want hulle sê dat al die geure dieselfde kos en die omset is vinniger as die raklewe.

   Shah Soda het 'n afleweringskontrak wat R30 500 per jaar kos om al hul aankope by hul etiketteringsfabriek af te lewer. Klante kom haal of betaal vir aflewering.

   Die voorraadrekords vir die finansiële jaar eindigende 28 Februarie 2023 was soos volg:

Bottels koeldrank Geweegde gemiddelde-metode	**Getal eenhede**	**Per eenheid**	**Totaal**
Beginvoorraad (1 Maart 2022)	350 000	R4,00	R1 400 000
Aankope gedurende die jaar	1 550 000		R5 575 000
Mei 2022	450 000	R4,50	R2 025 000
Julie 2022	600 000	R3,00	R1 800 000
November 2022	500 000	R3,50	R1 750 000
Eindvoorraad (28 Februarie 2023)	275 000		

   Die volgende inligting is uit die voorraadrekords onttrek:

   (a) Hulle het 35 000 bottels op 1 Augustus 2022 teruggestuur, aangesien die proppies foutief was.
   (b) Gedurende die jaar het hulle 1 575 000 eenhede teen R9,00 elk verkoop.
   (c) 'n Aantal bottels is as deel van hul jaareindgeskenkpakke aan die werknemers gegee teen die geweegde gemiddelde waarde.

2. Shah Soda het ook ysblokke teen R30 elk verkoop. Aangesien die ys smelt, het hulle besluit om hierdie voorraad te waardeer deur die **eerste-in-eerste-uit-(EIEU-)** metode te gebruik. Hulle het opgehou om dit te verkoop toe hul vrieskas deur beurtkrag beskadig is.

   Die volgende is uit hul voorraadrekords geneem vir die finansiële jaar eindigende 28 Februarie 2023:

Blokke ys Eerste-in-eerste-uit-metode	**Getal blokke**	**Per eenheid**	**Totaal**
Beginvoorraad (1 Maart 2022)	300	R9	R2 700
Aankope gedurende die jaar	1 200		R8 800
Maart 2022	400	R8	R3 200
Mei 2022	800	R7	R5 600
Eindvoorraad (28 Februarie 2023)	0		

   (a) Daar is geen vraggeld op bestellings bo 200 blokke nie.
   (b) 250 blokke wat in Mei 2022 gekoop is, is gratis aan klante wat grootmaat-bestellings geplaas het, gegee.
   (c) 100 blokke ys wat in Mei 2022 gekoop is, het in Junie 2022 gesmelt. Die res is verkoop.

IEB Copyright © 2024

VRAAG 2 MAATSKAPPY- FINANSIËLE STATE (71 punte, 43 minute)

Inligting aangaande Mkhize Motors Bpk

Mkhize Motors Bpk is 'n Suid-Afrikaanse genoteerde maatskappy wat handel dryf in klein tot mediumgrootte elektriese motors wat in kommersiële produkte gebruik word. Hulle het gemagtigde aandelekapitaal van 6 000 000 gewone aandele.

Hulle voeg 'n standaardwinsgrens van 200% op die kosprys van alle goedere by. Hul jongste finansiële jaareinde is 28 Februarie 2023.

1. Saldo's uit die finansiële state onttrek op **28 Februarie 2022**.

Balansstaatafdeling	
Gewone aandelekapitaal (4 800 000 gewone aandele)	R37 440 000
Behoue inkomste	R16 420 000
Toerusting	R1 160 000
Opgehoopte waardevermindering op toerusting	R935 000
Voorsiening vir oninbare skuld	R23 500
Verbruiksvoorraad voor hande (verbruiksgoedere)	R1 250

2. Saldo's/totale onttrek uit die Vooraansuiweringsproefbalans vir die jaar geëindig **28 Februarie 2023**.

Balansstaatafdeling	
Handelsvoorraad	R695 000
Debiteurekontrole	R578 000
SAID: Inkomstebelasting	R586 300 debiet
Lening: Million Bank (8% p.j.)	R288 000
Krediteurekontrole	R714 000
Nominale rekeninge-afdeling	
Verkope	R15 900 000
Koste van verkope	R5 300 000
Debiteureafslag	R420 000
Korting toegestaan	R23 850
Korting ontvang	R38 500
Verbruiksgoedere	R45 700
Dividende op gewone aandele	R928 000

IEB Copyright © 2024

Bykomende inligting aangaande aandele en dividende vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023:

31 Mei 2022: Die maatskappy het 'n bykomende 1 000 000 gewone aandele teen R8,96 elk uitgereik.

30 September 2022: Die maatskappy het 'n tussentydse dividend van R928 000 in totaal verklaar en betaal. Dit is opgeteken.

1 Februarie 2023: Die maatskappy het 250 000 gewone aandele teen R9,95 elk teruggekoop.
Daar is beding dat hierdie aandele vir die finale dividend **sou kwalifiseer**.

28 Februarie 2023: 'n Finale dividend van 18 sent per aandeel is verklaar.

Bykomende inligting en aansuiwerings wat nog in aanmerking geneem moet word:

1. 'n Kliënt het die versieningsgeld van R2 800 vir die versiening van sy motors wat in Maart 2023 gedoen sal word, vooruitbetaal.

2. Daar is ontdek dat die water-en-elektrisiteit-rekening van R7 200 vir Februarie nooit betaal is nie.

3. Die maatskappy het goedere aan 'n plaaslike liefdadigheidsorganisasie geskenk. Dit beteken dat 'n bruto wins van R12 400 nie gemaak is nie omdat die goedere nie verkoop is nie.

4. 'n Bedrag van R32 000 vir 'n advertensie wat in Februarie in die plaaslike koerant geplaas is, is nog nie betaal nie. Die koerant het 'n parkeergaragedeurmotor vir R7 500 gekoop. Die verkoopstransaksie is nog nie opgeteken nie, aangesien daar ooreengekom is dat Mkhize Motors Bpk hierdie bedrag kan aftrek van die bedrag wat vir die advertensie verskuldig is.

5. **Verbruiksgoedere**

   5.1 Die boekhouer het vergeet om die transaksie vir die verbruiksgoedere voor hande op 1 Maart 2022 om te keer.

   5.2 Verbruiksgoedere ter waarde van R2 250 is bestel en opgeteken. Dit is egter nog nie afgelewer nie, aangesien die verskaffer nog vir sekere items wag.

   5.3 Die jaarlikse voorraadopname het aangedui dat die volgende voorhande was op 28 Februarie 2023:

   (a) Verbruiksgoedere R1 960
   (b) Handelsvoorraad R672 000

6. Waardevermindering op toerusting word bereken teen 20% per jaar deur die reguitlynmetode te gebruik.

7. Daar is ooreengekom dat die huur op 1 November 2022 slegs met 5% verhoog sal word indien die huurder instem om 'n deposito van R9 000 te betaal. Die deposito is ontvang maar nie opgeteken nie. Die huur vir Februarie is nog deur die huurder verskuldig.

IEB Copyright © 2024

8. Die bankstaat vir Februarie is ontvang. Dit dui aan dat die volgende nie deur die onderneming opgeteken is nie:

    8.1 Bankkoste R390 en rente op die kredietsaldo R450.

    8.2 'n Debiteur wat vroeër as oninbaar afgeskryf is, het nou die R7 000 wat afgeskryf is via EFO betaal.

    Hierbenewens is die volgende ontdek:

    8.3 'n EFO-betaling aan 'n krediteur vir R7 200 is opgeteken. Dit was om die onderneming se rekening van R8 000 te vereffen. Dit is nie deur die bank verwerk nie, aangesien die rekeningnommer verkeerd deur die onderneming ingesleutel is.

9. 'n Debiteur wat R9 600 geskuld het, is insolvent verklaar. Die boedel het 45 sent in die rand betaal. Die res moet as oninbaar afgeskryf word. Geen inskrywings is vir enigeen van hierdie transaksies gemaak nie.

10. Die voorsiening vir oninbare skuld moet tot 4% van die debiteure aangesuiwer word.

11. 'n Leningterugbetaling van R24 000 is op 31 Mei 2023 verskuldig.

12. Na alle aansuiwerings was 'n bedrag van R14 900 nog aan die SAID verskuldig vir die maatskappybelasting.

IEB Copyright © 2024

HIERDIE BLADSY IS DOELBEWUS OOPGELAAT

IEB Copyright © 2024 BLAAI ASSEBLIEF OM

VRAAG 3 KONTANTVLOEISTATE (43 punte, 26 minute)

Inligting aangaande Lenola Leads Bpk

Lenola Leads Bpk is 'n Suid-Afrikaanse genoteerde maatskappy wat 'n verskeidenheid van elektriese bekabelingsoplossings produseer, verpak en aan groot kleinhandelsafsetpunte voorsien.

1. Hulle het gemagtigde aandelekapitaal van 5 000 000 aandele. Aandele is op 1 Maart 2022 verkoop om die getal uitgereikte aandele op 28 Februarie 2023 op 4 600 000 gewone aandele te staan te bring. Geen aandele is gedurende die jaar teruggekoop nie.

2. Die verdienste per aandeel (VPA) is bereken as R7,00 (700c) op **28 Februarie 2023**.

3. Uittreksel uit die Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat) vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023

Waardevermindering	R345 000
Rente op lening	R63 400
Inkomstebelasting	30%

4. Uittreksel uit die Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat) soos op:

	28 Februarie 2023	**28 Februarie 2022**
Gewone aandelekapitaal	R4 280 000	?
Behoue inkomste / Opgehoopte wins	R320 000	?
Vaste bates (teen drawaarde)	R2 937 000	R2 652 000
Beleggings: Aandele in Thato Bpk	R250 000	R480 000
Lening: Nikki Bank (9% p.j.)	R1 880 000	R1 230 000
Bedryfsbates	?	R1 298 000
Kontant en kontantekwivalente	R103 000	R4 300
Voorraad	?	R679 000
Handels- en ander ontvangbare rekeninge	?	R598 800
SAID (Inkomstebelasting)	-	R15 900
Bedryfslaste	R964 000	R797 000
Krediteurekontrole	R450 700	R780 400
Vooruitontvange inkomste (huur)	R17 000	R16 000
SAID (LBS)	R23 800	R21 600
Opgelope uitgawe (rente op lening)	R14 100	R9 300
SAID (Inkomstebelasting)	R21 400	-
Bankoortrekking	R0	R39 700
Aandeelhouers vir dividende	R437 000	R420 000

IEB Copyright © 2024

5. Bykomende inligting:

5.1 **Bedryfskapitaal**

- Die volgende finansiële aanwysers is op **28 Februarie 2023** bereken:
  - Bedryfsverhouding 1,15:1
  - Vuurproefverhouding 0,75:1
- Die beweging van die handels- en ander ontvangbare rekeninge het tot 'n uitvloei van kontant van R21 200 gelei.

5.2 **Vaste bates**

- Die maatskappy het gedurende die jaar nuwe toerusting gekoop.
- Die maatskappy het ou toerusting teen die boekwaarde van R373 000 verkoop.

5.3 **Finansiële bates**

- Die maatskappy het gedurende die jaar van sy aandele in Thato Bpk verkoop, aangesien die maatskappy nie enige dividende betaal het nie.

5.4 **Rente op die lening**

- Die rente op die lening word nie gekapitaliseer nie.

5.5 **Dividende**

- Tussentydse dividende van 8c per aandeel is op 31 Augustus 2022 verklaar en betaal.
- 'n Finale dividend is aan die einde van die jaar verklaar.

IEB Copyright © 2024

VRAAG 4 VERVAARDIGING (46 punte, 27 minute)

Inligting aangaande Caplan Carpets

Caplan Carpets is 'n Suid-Afrikaanse vervaardigingsmaatskappy wat binnenshuise en buitenshuise tapyte, matte en reisdekens vervaardig.

Die fabriek beslaan 700 m², die administrasiekantore 200 m² en drie nasionale verkoopskantore 100 m² elk.

Hul finansiële jaar eindig op 28 Februarie.

DEEL A VASTE BATES (16 punte; 10 minute)

1. **Vaste bates**

(a) Alle toerusting word gebruik om hul produkte te vervaardig. Toerusting word gedepresieer teen 18% per jaar volgens die verminderende saldo-metode.

(b) Die volgende saldo's is uit die finansiële rekords onttrek:

	1 Maart 2022
Toerusting	2 460 000
Opgehoopte waardevermindering op toerusting	1 103 600

(c) 'n Ou naaimasjien, wat R380 000 gekos het, is op 1 Desember 2022 vir 'n nuwe een ingeruil. Die ou masjien het op die verkoopsdatum opgehoopte waardevermindering van R149 045 gehad, wat waardevermindering van R36 045 vir die tydperk 1 Maart 2022 tot 30 November 2022 ingesluit het.

(d) Die nuwe masjien het R600 000 gekos. 'n Inruilwaarde van R250 000 is op die ou masjien beding.

IEB Copyright © 2024

DEEL B VERVAARDIGING (30 punte; 17 minute)

2. **Voorraad**

(a) Die volgende saldo's is uit hul finansiële rekords onttrek:

	2023	2022
Indirekte materiaal	72 600	69 500
Goedere-in-bewerking	2 980 000	3 260 000
Klaarprodukte	6 640 000	6 420 000

3. **Arbeidskoste**

(a) Die fabriekstoesighouers is 'n totaal van R604 800 betaal nadat 28% afgetrek is vir LBS, pensioenfonds en WVF. Die maatskappy dra 'n totaal van 8% van die bruto verdienste tot die toesighouers by.

(b) Die fabriek het 16 werkers in diens wat R52 per uur verdien. Alle werkers het 1 920 uur in die jaar gewerk. Oortyd het R340 000 beloop en bydraes vir WVF en pensioen het R127 500 beloop.

4. **Uitgawes**

(a) Indirekte materiaal wat gedurende die jaar gekoop is, het R236 000 beloop. 85% van alle indirekte materiaal word in die fabriek gebruik.

(b) Die huur vir elke verkoopskantoor het R8 000 per maand beloop. Huur word deur die getal vierkante meter bepaal.

(c) Bedrag onttrek uit die Vooraansuiweringsproefbalans op 28 Februarie 2023:

- Versekering R120 250

Daar is ontdek dat die versekeringspremie vir Maart 2023 betaal is. Die premies het onveranderd gebly. 60% van die versekering word aan die fabriek toegedeel.

(d) Die waardevermindering op die fabriekstoerusting is volgens deel A van hierdie vraag.

IEB Copyright © 2024